# 10 Julie 2023 - Lesing 70 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***
Deur God toegekende vreugdes – skeppingswonderwerke – 1 /5 /58

**No: 7108** Julle sal vir die wêreld verlore wees sodra julle onder die invloed van die geestelike ryk gekom het. Maar julle sal nie teen julle wil daardeur gevange gehou word nie, veeleer moet die vrywillige opgee van die wêreld dit voorafgegaan het. Maar dan sal julle ook vry wees van elke binding met julle meester tot nou toe, wat egter nie wil sê dat hy sy pogings gaan opgee om julle weer terug te wen nie.

Maar julle sal dan sterker wees, omdat julle nie meer bereid sal wees om dit op te gee wat julle nou in besit geneem het nie, **naamlik geestelike goedere wat My teenstander julle nooit kan bied nie**.

Maar solank die goedere van die wêreld julle nog bekoor, het hy nog 'n invloed op julle. Julle sal dan nog nie heeltemal vry van hom wees nie, maar julle sal ook nog nie My ryk besit wat nie van hierdie wêreld is nie.

En so sal julle ook self kan beoordeel watter geestelike sukses of welke graad van rypheid julle siele te boek het, wanneer julle ernstig ondersoek hoevêr julle verlangens nog op die aardse wêreld gerig is.

Bekoor sy julle nog, dan sal julle hard aan julself moet werk om elke verlange daarna te smoor, as julle My ryk wil verwerf, wat julle waarlik goedere sal skenk wat heelwat begerenswaardiger is as die skatte van die aardse wêreld. Tog word julle nog baie aardse vreugdes toegeken en julle hoef nie bang te wees dat elke vreugde 'n sonde teen My is of ’n mindere liefde vir My bewys nie.

**Ek wil dat julle vrolik deur die lewe op aarde gaan**, dat julle julleself sal verheug in My skeppingswerke, dat julle die goedere wat Ek julle aanbied bly en dankbaar in ontvangs sal neem.

En julle sal net die onderskeid moet maak wat julle deur My en wat julle deur My teenstander aangebied word. En dit sal julle maklik kan doen, as julle daaroor dink in welke graad van rypheid die geestelike staan wat julle begeer.

Tallose skeppings het Ek laat ontstaan om die wat aan My teenstander gebonde is, te ontwring en hulle in hierdie skeppings te help om hulself langsaam positief te ontwikkel. En die teenstander het daarom geen mag meer oor hierdie gebonde geestelike nie. En sodra julle nou aan hulle die regte liefde oordra, sal ook alles julle gelukkig maak, wat julle oorgrote liefde vir My eens gevallene bewys. **Dus sal julle mag geniet van die veelvuldige skeppings van die natuur**, want dit is 'n sigbare bewys van My liefde vir My skepsels.

En so sal ook die sterrehemel, die son met haar weldoende strale, die reën met sy alles verkwikkende uitwerking, julle bly maak. En ook hierdie vreugdes is geskenke aan julle van julle God en Skepper van ewigheid, soos ook helder lug en vars water wat julle altyd die liefde bewys van Hom wat alles in die lewe geroep het. Al hierdie vreugdes is gerig om julle siel te verkwik en julle dankbaar aan die ewige Skepper te laat dink, **om dus julle oë en gedagtes te rig op My**, Wie julle siele moet vind op aarde. **Wat dus die siel verhef,** wat haar na My toe dryf, daarvan sal julle mense sonder beswaar kan geniet.

Maar ontelbare verleidinge word aan julle voorgehou van die kant van My teenstander af, **om julle gedagtes omlaag te trek.** Gedagtes wat julle steeds vaster verbind met diegene **wat julle bande laat aanknoop met nog baie onryp geestelike**, wat julle as te ware terugplaas in 'n toestand wat julle al lank gelede oorwin het. Dit is aards-materiële goedere waarvan julle liggaam die besit nastreef, wat dan ook die siel aan sy begeerte onderwerp en sy daarom nie die weg na My kan vind nie, - wat nie daar gesoek moet word waar My teenstander sy ryk het nie. En die mens kan maklik vir homself rekenskap gee of sy liggaam, of sy siel bevrediging soek.

En hy sal moet toegee dat sy denke vernaamlik die **verbetering of die verskaffing van liggaamlike welbehae aanbetref**, wat ook dit is wat hy nastreef.

En hy sal ook weet waar en wanneer ware vreugde ook kan afdwaal en verander in 'n lae vreugde wat die siel vergiftig.

My teenstander sal steeds poog om te bereik, - dat hy ook die suiwere sal verontreinig, - dat hy die genoeë in die natuur sal probeer verbind met suiwer liggaamlike begeertes en die mense in sy gebied intrek. **En daarom moet die liggaam geweld aangedoen word, indien die siel My ryk wil verwerf.** Daar moet afstand gedoen word van die dinge wat die liggaam begeer.

Want eers wanneer elke begeerte verstik is, sal ook aards-materiële goedere die siel nie meer kan skaad nie.

Dan sal die mens dit slegs **in passende mate** waardeer en benut. En dan eers het hy homself vrygemaak van die teenstander, ofskoon hy nog op aarde wandel, te midde van die aards-materiële wêreld. Maar sy is nie meer in staat om hom omlaag te trek nie. **Hy beheer dan die materie.** Hy het homself bevry van die heerskappy van dit wat aan die materiële wêreld behoort en hy het al besit geneem van die ryk wat nie van hierdie wêreld is nie. Amein.